




Jrg. 11. Kaapstad, 27 Februarie 1952. Prys 3d. Nr. 13.

LESERS HELP OM BLAD TE VERSPREI

Sonder afwisseling werk ons lesers voort om nuwe intekenare vir die O.B.-blad te werf. Die een week ontvang ons minder name, die ander week weer meer, maar die werwingswerk gaan voortdurend aan. Enersyds gaan ons hartlike dank uit na die lesers wat hulle beywer om ons blad te versprei en andersyds doen ons steeds 'n beroep op kommandos en lede van die O.B. om nuwe lesers en steeds meer nuwe lesers te werf.

Hierdie week het ons weer vier nuwe intekenare ontvang. Mnr. D. P. de Lange van Naboomspruit, het een gereelde intekenaar gewerf; mnr. F. Gerber van Naboomspruit, een vir ses maande; en mnr. George Gibson van Naboomspruit, een van ses maande. „Republikein” van Stellenbosch, het gesorg vir een nuwe leser vir drie maande.

Hierdie lesers het gehelp om die boodskap van die Ossewabrandwag af te lewer. Baie dankie.

Weet u nie van 'n vriend of buurman wat graag die O.B.-blad sal wil lees nie? Werf hom as leser of laat Die O.B. vir 'n proeftydperk aan hom gestuur word.

STATEBOND TOT HEGTER EENHEID SAAMGESNOER

Met betrekking tot konstitusionele ontwikkelinge in die Britse Statebond en die betekenis daarvan vir Suid-Afrika, skryf mnr. J. A. Smith, die waarnemende leier van die Ossewabrandwag, soos volg:

Dat Suid-Afrika ook 'n hoër gesag as Haar Majesteit se Regering in 1949 gekry het, word nou met die troonsbestyging van die jong Britse Koningin, Elizabeth die Tweede beklemtoon. Die Koningin is nie slegs 'n integrale deel van die Regering van Suid-Afrika as koninkryk nie, maar staan ook in 'n hoër hoedanigheid as „Hoof van die Statebond,” waartoe sy dan ook deur Brittanje geproklameer is, in 'n ander soewereine verband tot Suid-Afrika. Daardie gesag word haar verleen deur die „gesaghebbende besluit” van die Statebondskonferensie — die een van 1949 wat 'n republiek ook onder daardie „Hoof” stel. Behalwe dat Elizabeth die Tweede Koningin van elkeen van die Statebondslende afsonderlik is, is sy „Hoof” van sowel die Koninkryke van Suid-Afrika en Brittanje as die Republiek Indië.

Dit is misleidend en vals om te beweer dat die erkenning van die koning (nou die koningin) tot Hoof van die Statebond „geen konstitusionele betekenis” of implikasie het nie. Sonder meer is dit voldoende om te verwys daarna dat die besluite van die Statebondskonferensie, as bindend deur al die lede van die Statebond beskou word, selfs tot so 'n mate dat die besluit i.s. die „Hoof van die Statebond” deur die Statebondskonferensie verwoord en deur ons Eerste Minister aanvaar word as 'n wysiging van die Aanhef van die

Statuut van Westminster, wat ook 'n wet van die Unie is. Hierdie wysiging word deur sowel die Britse regering as die huidige S.A. regering aanvaar volgens dr. Malan omdat die „deklarasie van die Statuut van Westminster vervang word deur hierdie nuwe gesaghebbende deklarasie.” Ek haal hierbo aan uit Die Burger van 9 Februarie: „Splinternuwe Titel vir Elizabeth II.”

BINDENDE INSTELLING

Brittanje het die nuwe Koningin per proklamasie aangekon-

dig is „Hoof van die Britse Statebond.” Suid-Afrika het nie, maar het, deur sy Eerste Minister, die besluit van die Statebondskonferensie aanvaar as 'n wysiging van die Aanhef van die Statuut van Westminster deur daardie status aan die Koning (in) van Engeland te verleen. Die Malan-regering erken derhalwe daardie Statebondshoof.

Die Statebondskonferensie het in werklikheid 'n instelling geword met bindende besluite, dus 'n liggaam met aksie. Genoemde konferensie het 'n werklike vorm aangeneem van 'n liggaam vir onderlinge en medeseggenkap oor en aangaande betrekkinge tussen die ledestate. Deur sowel sy lidmaatskap daarvan as sy eerste minister se aanvaarding van die besluite van die Konferensie van 1949 erken Suid-Afrika weersydse verpligtinge en gebondenheid wat hy inderdaad in praktyk toepas.

Suid-Afrika, soos Engeland, Kanada, ens., het 'n integrale deel van 'n erkende eenheid geword naamlik die Statebond wat berus op:

- (1) Lidmaatskap deur vrywillige toetreding.
- (2) Gesamentlike beraadslaging, optrede en onderneming, politiek, finansiële en militêr terwille van die Statebond as sodanig.
- (3) Die erkenning deur elkeen van dieselfde Koning(in).
- (4) Die aanvaarding van 'n ondeelbare Hoof as Statebondshoof.
- (5) Die aanvaarding van die „deklarasie” van die Konferensie wat so 'n eenheidshoof daarstel as „gesaghebbend” en bindend. In die geval van sowel Suid-Afrika as Engeland sonder voorafgaande raadpleging of toestemming van die volk of die parlement.

(Vervolg op bladsy 4 kolom 2) (Vervolg op bladsy 6 kolom 1)

MOET HANDE DIEPER IN DIE SAK STEEK VIR BRITTANJE

Mnr. N. C. Havenga, Minister van Finansies, het verlede week in 'n toespraak op Porterville, waar hy saam met die Eerste Minister, dr. D. F. Malan, opgetree het, weer beklemtoon dat dit die Regering se beleid is „om die sterlinggebied in die huidige ernstige krisis te help.” Sedert sy terugkeer verlede maand van die Empire-konferensie in Londen, wat hy saam met die ander ministers van finansies van die koninkryke en kolonies van die Britse Statebond en Ryk bygewoon het, en waarop die Britse Chancellor of the Exchequer verduidelik het dat Brittanje bankrot is, het mnr. Havenga van elke geleentheid gebruik gemaak om die volk van Suid-Afrika te waarsku dat hy in sy eersvolgende begrotingsrede swaar laste gaan aankondig ter wille van hulpverlening aan Brittanje.

Mnr. Havenga het op Porterville verklaar dat groot offers van ons geverg sal word en dat ons ons hande dieper in die sak sal moet steek. Die een manier waarop Suid-Afrika kan help is om invoere te beperk. Die Minister het gesê dat wanneer hy „die skroef moet aandraai en die invoer beperk,” hy dit sal kan doen sonder dat die volk te veel behoefte hoef te ly, want die Unie is vol ingevoerde goedere.

Die tweede manier waarop Suid-Afrika kan help is om die Britse reserwes te help opbou deur meer van die Unie se goudproduksie aan Brittanje af te staan in ruil vir goedere. Mnr. Havenga het aangekondig dat die Regering besluit het om dit te doen. Die Unie sal deel van sy goudreserwe teen sterling aan Brittanje verkoop, en die sterling dan gebruik om in Brittanje te koop wat die land nodig het. Hy het verduidelik dat dit nie sal beteken dat goud aan Brittanje gegee of geleen word nie. In ruil daarvoor sal die Unie goedere ontvang.

● Dit sal net beteken dat die nasionale regering 'n „British”-beleid volg; dat Suid-Afrika uitsluitlik duur Britse artikels moet koop; en dat die invoere uit ander lander so-te-sê stopgesit sal word.

SWAARDER BELASTINGS

Na aanleiding van mnr. Havenga se toespraak skryf die Nasionale Party se koerant, Die Burger:

„Die aanstaande begrotingsrede van die minister van finansies gee gaandeweg meer blyke van sy belangrikheid. Dit is mnr. Havenga se voorneme om die rede op 26 Maart te lewer. Hy het al te kenne gegee dat daar aansienlike veranderinge van belasting kan wees deur meer as eenmaal te praat van die moontlikheid dat die belastingbetaler sy hand dieper in sy sak sal moet steek.”

En dan slaan Die Burger die oorlogstrommel. Die blad skryf: „Die belangrikste rede vir swaarder belasting sou dan wees dat die land veel meer aan sy verdedigingsmag sal moet uitgee om hom in 'n toestand van gereedheid te bring vir die derde wêreldoorlog.”

HULP VIR BRITTE

Voorts erken die blad: „Die begrotingsrede kan ook belangrik wees omrede van die minister se verwagte verklaring oor die uitwerking van Suid-Afrika se voorneme om die Britse pond te help beskerm. Dit kan op twee maniere gevoel word, na die minister gesê het, naamlik enigsins verskerpte invoerbeheer om die land se aankope uit die buiteland in te kort en 'n toeseëgging van meer goud aan Brittanje teen die lewering van goedere.”

Klaarblyklik om ontevredenheid oor die hoër lewensduurte wat mnr. Havenga in die vooruitsig stel in aangenamer kanale af te lei skryf Die Burger: „Dit is bekend dat die regering 'n verhoging oorweeg van die duurtetoelag van persone wat in diens van die staat en die spoorweë staan.” Die blad vertel voorts dat mnr. Havenga 'n belangrike aankondiging gaan doen in sy begrotingsrede oor die duurtetoelag van persone in private werkkringe.

● Watter sin het 'n beleid wat enersyds die lewensduurte vermeerder deur belastingverhoging; en anders en andersyds die verhoogde belastings uitbetaal aan vermeerderde duurtetoelae? Of sal die verhoogde belastings baie meer bedra as die vermeerderde duurtetoelae? Bes moontlik.

● In die tydperk ná mnr. Havenga se begrotingsrede sal elke Afrikaner se beursie vir hom vertel wat die regering se lojaliteit aan Brittanje vir hom kos.

HELE LAND

Die Cape Argus skryf dat die spoorwegbegroting wat mnr. Sauer, minister van vervoer, op 21 Februarie sou gelewer het, nou eers na 26 Maart wanneer mnr. Havenga die hoofbegroting indien gelewer sal word. En wel omdat die beleid wat in die hoofbegroting aangekondig sal word die geldsake van die S.A. Spoor-

weë ten nouste sal raak — net soos dit ook die geldsake van die provinsies sal raak. Trouens, die blad berig, dat mnr. Havenga reeds reëlings getref het om die Administrateurs in Kaapstad te ontmoet vir samesprekings oor die provinsiale begrotings. Mnr. Havenga se begrotingsbeleid sal die geldsake van die hele land affekteer.

(Vervolg op bladsy 4 kolom 2)

VRYHEIDSDAG

WORD GEVIER OP

SATERDAG, 1 MAART, 1952

OP DIE PLAAS VAN

Mnr. J. Duminy, Loevenstein, Bellville.

Draai uit op die hoek van Voortrekker- en Lincolnweg (die pad na die Sonkyn-tehuis). Hier, sowel as by die eerste padbrug op die nuwe Nasionale Pad uit Kaapstad na die Noorde sal wagte die pad na die terrein aanwys.

SPREKERS:

Mnr. J. A. SMITH (Waarn. Leier)

Dr. F. D. du T. VAN ZYL (Kaaplandse Leier)

- Gesellige verkeer van 6-uur tot 8-uur nm.
- Bring Bikers vir Koffie saam.
- Allerhande Lekkernye sal verkoop word.
- Voorgeskrewe Program begin om 8-uur nm.

Kom seker en bring u Vriende saam!

DIE O.B., WOENSDAG, 27 FEBRUARIE 1952.

MAG ONS SWYG ?

In die jongste tye geniet die beleid wat Die O.B. volg heelwat aandag in kringe binne sowel as buite die Ossewabrandwag. Dit mag derhalwe nuttig wees om in hierdie kolomne 'n paar aanmerkings daaroor te maak.

Die Ossewabrandwag is gebore tydens die simboliese Ossewa-trek in 1938, toe die republikeinse ideaal van ons volk so volkome besit geneem het van die huidige Afrikaner-geslag dat die republikeinse geesdrif tot ongekende hoogtepunte gestyg het. Daardie jaar was dan ook tereg beskryf as 'n Wonderjaar omdat daarin die wonderlike republikeinse ontwaking van ons volk plaasgevind het.

HET POLITIEKE PARTY NIE VERTROU NIE

Duisende Afrikaners het egter destyds gevoel dat die bekoorlike vryheidsideaal beslis nie uitsluitlik toevertrou mag word, vir instandhouding en verwesenliking, aan 'n politieke party nie, wat nie alleen 'n uitheemse Britse erfenis is nie, maar wat bowendien onderhewig is aan opportunistiese beleidswisselinge ooreenkomstig die eise van eiebelang.

Uit hierdie gevoel is die Ossewabrandwag gebore om te dien as die Volksbeweging van die ontwaakte Afrikanerdom. Dit sou terselfdertyd 'n beginselbeweging wees om bestemde ideale na te streef. Dit sou die taak van die O.B. wees om die republikeinse ideaal te verteenwoordig, te beskerm, te troetel en te verwesenlik nadat hy dit bevrug het met die historiese ervaring van die Afrikanervolk. Die roeping van die O.B. is by sy geboorte bepaal en dit verg van hom om met die bereiking van meer en meer volwassenheid nader en nader aan sy roepingvervulling te kom.

TOT LAAGTEPUNT GEDAAL

Na tien jaar het dit ondubbelsinnig geblyk dat die volk se gevoel in 1938 reg was om nie die republikeinse ideaal aan 'n politieke party — selfs nie aan 'n nasionale politieke party — toe te vertrou nie.

Sedert die nasionale politieke party in 1948 aan bewind gekom het, het die republikaanse tot ongekende laagtepunte in ons vaderland gedaal.

In 1949 het die Eerste Minister, dr. D. F. Malan, op die Londense Empire-konferensie die aftakeling van republikaanse ingelui. Hy het naamlik uit Londen teruggekeer met die splinternuwe „republikeinse” ideaal van 'n republiek binnekan die Britse Statebond, wat die Britse konneksie sou handhaaf en wat die Britse Koning of Koningin as Hoof van die Statebond (en as sodanig ook van die republiek) sou aanvaar en erken.

EMPIRE SE VRUGTE WORD RYP

Sedert 1949 het die lede van die Nasionale regering 'n reeks Empire-konferensies bygewoon oor politiek, oorlog, ekonomiese sake, finansies, vervoer, ens. Op elke konferensie is Suid-Afrika ten aansien van die onderwerp waaroor die konferensie gegaan het, vaster en vaster gewoel, nie alleen in die Britse Statebond nie, maar ook in die Britse Empire. En die Statebond en die Empire is op hulle beurt hefter en hefter saamgesnoer deurdat hy 'n aaneengeslote eenheid op meer en meer gebiede geword het.

Die aaklige waarheid is dat Suid-Afrika hom sedert 1948 nie losser en losser gewikkel het van die Britse Statebond nie, maar intendeel hom op die Empire-konferensies vaster en vaster gebind het nie alleen aan die Statebond nie maar ook aan die Empire.

En nou begin die vrugte van die Empire-konferensies ryp word.

EMPIRE-KONFERENSIE BEPAAL DIE BELEID

Sommer vroeg in 1952 moes Suid-Afrika beleef hoedat die nasionale regering die Britse Kroonprinses proklameer tot Elizabeth die tweede van Suid-Afrika. En tot oormaat van ramp moes verneem word dat hierdie proklamerings van die Koningin 'n bewys van Suid-Afrika se selfstandigheid is!

En in uitvoering van die oorlogsbeleid wat hom in die geheim opgelê is deur die Empire-konferensies wat mnr. F. C. Erasmus, minister van verdediging bygewoon het, en wat hy aanvaar het, het die regering reeds vanjaar die eerste stappe in die rigting van militêre diensplig gedoen; en bowendien het die regering ook aangekondig dat die oorlogsuitgawes wat hy ooreenkomstig sy oorlogsbeleid moes aangegaan het, en waarvoor die belastingbetalers sal moet opdok reusagtig groot gaan wees.

Voorts verneem ons op die huidige oomblik die jerimiades van mnr. N. C. Havenga, die minister van finansies, oor Brittanje se bankroetkap sowel as sy neerdrukkende aankondigings oor die offers waartoe op die jongste Empire-konferensie besluit is en wat die volk van Suid-Afrika sal moet bring om Brittanje die moeder-koninkryk van die Britse Statebond, te red.

Al hierdie dinge geskied met die jaloerse goedkeuring van die parlementêre opposisiepartye want hulle is openlik pro-Brits.

DIE OSSEWABRANDWAG BLY ALLEEN OOR

Wie bly dan oor om beswaar aan te teken teen die toenemende miskenning van die republikaanse en die aanwas-

(Vervolg in volgende kolom.)

Van die Os op die Esel

Deur Sybrand

Die Lewe is soos 'n Trein

Ek het in die jongste tyd geleentheid gehad om die kontinuïteit, met betrekking tot die erflike Britse monargie sowel as die verkose leierskap van die republikeinse Ossewabrandwag, gade te slaan. En dit het my getref dat hoewel die dood van die koning en die bedanking van die O.B.-leier baie ver van mekaar verwyder is, daar tog 'n gemeenskaplike beginsel ten aansien van die opvolging in albei gevalle gegeld het.

By die dood van die Koning is uitgeroep: Die Koning is dood, Lank lewe die Koningin! En by die bedanking van die O.B.-leier is aangekondig: Die leier het bedank, die onderleier sal nou leier wees!

Die betekenis is enersyds dat die monargie voortgaan en andersyds dat die republikeinse Ossewabrandwag voortgaan — ongeag persone. Die lewe — insluitende die Britse monargie en die Afrikaanse Ossewabrandwag — is soos 'n trein. Hy wag vir niemand nie. Hy gaan voort.

En dit is die les wat die twee meergenoemde gebeurtenisse op treffende wyse vir ons geleer het.

„Belas My Nie Vir Engeland”

Een van my lesers uit Beaufort-Wes het aan my geskryf om 'n aantal vrae te stel wat hy graag deur die erkende ekonomiese deskundiges van ons land beantwoord wil hê. Ek sal net so bly wees soos my leser as die deskundiges hulle op dié terrein wil waag wat deur my leser se vrae gedek word. Miskien sal een of meer van hulle dit tog doen. Maar dan moet hulle dit asseblief gou doen want my leser se vrae het te doen met aktuele sake.

My leser en ek het nogal gemeenskaplike elenskappe. Net soos hy is ek ook maar 'n eenvoudige kêrel wat in die hoop moet lewe dat die langkoppe die kwellende vrae moet beantwoord. My leser teken sy naam (wat vir publikasie bedoel is) soos volg: „Belas My Nie Swaarder Om Engeland Te Red Nie.” As ek vir my 'n naam kan kies, wat my gevoelens op die oomblik uitdruk, dan sal ek

(Vervolg van vorige kol.)

sende aanvaarding en erkenning van die Britsisme? Vanselfsprekend net die Ossewabrandwag — die organisasie wat juis in 1938 gestig is om die republikaanse in stand te hou wanneer dit deur die nasionale politieke partye laat vaar word.

Derhalwe bepaal die O.B. se republikeinse taak en die gebeurtenisse met betrekking tot die miskenning van die republikeinse ideaal wat in die afgelope jare en maande plaasgevind het, self die beleid wat Die O.B. verplig is om te volg.

DIE GEWETE

Behalwe Die O.B. is daar vandag in die hele land geen dagblad of weekblad of tydskrif, klein of groot, wat die republikaanse bepleit nie, en wat onbevreesd die aftakeling en miskenning daarvan kritiseer nie.

Die O.B. is die republikeinse gewete van die Afrikanervolk. Mag hierdie stem van die gewete ook stil gemaak word?

waarlik nie beter as my leser kan kies nie.

Hier volg die brief met die agt vrae:

„As 'n mens nou eenmaal nie 'n dokter in die ekonomie is nie dan is jy mos en bly jy maar 'n leek. Ek hoop dus dat jy, my geagte vriend Sybrand, 'n dokter in die ekonomie is sodat jy jou eenvoudige leser kan inlig. Omdat ek so gretig is om inligting te kry stel ek die volgende vrae in die vaste vertroue dat iemand wat baie van die saak weet die antwoorde daarop sal gee.”

Kuikens Piep Agter Hen en Haan

Helaas, ek is nie 'n dokter in die ekonomie nie. My leser het derhalwe by die verkeerde deur kom aanklop. Maar wie weet, miskien klop hy hard genoeg sodat die regte deur tog oopgaan. My leser vra:

(1) „Soos die hane kraai en die hene kekkel so piep die kuikens. Almal sê deesdae agter minister Klasie Havenga aan dat dit in belang is van die Unie om aan sterling vas te hou. Maar is dit waar? En as dit waar is wil ek graag weet waarom dit waar is.

(2) „Sou dit nie beter wees om 'n eie muntstelsel in te stel en terug te gaan na die goudstandaard op 'n voordelige valuta-basis nie?

(3) „In plaas van soos tans aan sterling vas te kleef, en slegs met Brittanje te wil handel dryf, sou dit nie beter wees om handel te drywe met elke land nie (in sy eie geldstelsel); en om net soveel in die betrokke land te bestee as wat hy by ons koop nie?

(4) „En sou dit nie vir ons voordelig wees om selfs aan die betrokke lande krediet te gee vir aankope by ons nie, tot dat ons weer iets van hulle te koop vind?

(5) „Moet die regering nie voorkeur gee aan noodsaaklike staatsaankope in die buiteland nie? En slegs as daar dan nog 'n balans oor is kan die groot-handelaars mos permitte ontvang vir private invoere.

(6) „Hoe kry Argentinië dit reg om soveel geld in omloop te bring en boonop nog vir al sy buitelandse aankope te betaal? En tog is ons sterling-geld byna niks werd daar nie.

Nuwe Ekonomiese Idees

(7) „Sou dit ons, in hierdie onsekere wêreld waarin ons leef, nie betaal om weg te breek van al die gevestigde ekonomiese idees nie en om 'n groot ontwikkelingsprogram, gebaseer op nuwe ekonomiese idees, in te voer nie? Dan sal ons land mos vyftig jaar vooruit wees as die ekonomiese ineenstorting van die wêreld kom.

(8) „Adv. Oswald Pirow het eenmaal êrens verklaar: Leef rewolusionêr en handel rewolusionêr! Is dit nie slegs rewolusionêre optrede op ekonomiese gebied wat ons land vir die blanke bevolking kan red nie?

„As jy my nie kan help nie, kan erkende deskundiges, soos bv. die geleerde professore in die ekonomie aan die universiteite van ons land dan nie hul lig in die ekonomiese duisternis laat skyn, sodat ons leke ook kan sien nie? Ons soek lig maar ons tas nog altyd rond in die duisternis. Ons leke kan darem eenvoudige taal verstaan. Laat die deskundiges derhalwe asseblief praat.”

Klein Sakie, Maar Groot Beginsel

Op die twaalfde Desember verlede jaar het ek aan die hand gedoen dat die Kaaplandse motor-registrasieletter „C” 'n Afrikaanse maat „K” kry. Ek het gevra waarom Kaaplandse motors dan almal Engels-eentalig op die paale moet verskyn.

Voortgaande het ek geskryf: „Wanneer die letter „C” die eerste letter op die nommerplaat van 'n motor is, is dit 'n aanduiding dat die betrokke motor 'n voertuig van die „Cape Province” is. Waarom mag Afrikaners dan nie die letter „K” op hul nommerplaat laat aanbring om te toon dat hulle motor in Kaapland — en nie in die „Cape Province” — registreer is nie?”

Ek het gevra of die nasionale regering of die nasionale administrateur van Kaapland dan nie kan toesien dat Afrikaans tot sy reg kom op die nommerplaat van Kaapland se motors nie? Ek het bowendien die hoop uitgespreek dat die sakie gou-gou reggemaak sal word.

Sover ek weet is daar egter tot op datum nog niks aan die saak gedoen nie. Dit is uiters onbevredigend. Ek neem glad (Vervolg op bladsy 3 kolom 5)

DIE ROBERTSON KOMMANDO

vier

VRYHEIDSFEESE

op VRYDAG, 29 FEBRUARIE van 7 nm., op VINKRIVIER (distrik Robertson) die plaas van mnr. P. J. DU PLESSIS.

BRAAIVLEIS, VRUGTE, ENS., SAL AANGEBIED WORD.

SPREKERS:

Mnr. J. A. SMITH

(Waarnemende Leier van die O.B.)

Mnr. W. R. LAUBSCHER

(Voorligtingsoffisier)

O.B.-lede van die omliggende kommando's van MONTAGU, BONNIEVALE, WORCESTER en GOUDINI word hartlik uitgenooi.

• Kom Seker En Bring U Vriende Saam ! •

TSJEGGIESE GEWETE HET ONTWAAK

Toe die Tsjeggo-Slowake in 1945, op aanbeveling van die Engelsman Attlee en die president van Amerika, Harry Truman, drie miljoen Duitsers uit die Sudetenland verdrywe het, het hulle enige duisende Duitsers moes terughou omdat die Duitsers sleutelmannen was in die Tsjeggiese nywerhede en mynbedryf. Sonder die Duitsers sou die masjiene van die fabriek en die myne nie gewerk het nie.

Sedert maande is die Tsjeggie baie vriendelik teenoor hulle Duitse buurmannen en werkmats. Die Duitsers kan sonder om moeilikheid te ondervind 'n burger van die land word en daarby maak dit nie saak of die Duitser vroeër 'n lid van Hitler se party of 'n S.S.-man was nie. Ja die Tsjeggie gaan so ver dat hulle die Duitse taal wat hulle so baie haat weer toelaat.

Dit is nie alleen die onsekerheid en bangheid van die politieke toestand nie; hulle het gewetenswroeging oor hulle skurkagtige dade teenoor die Duitsers. Die nag van die 8ste op die 9de Mei 1945 sal vir ewig 'n skandevlek in die geskiedenis van Tsjeggo-Slowakye bly.

In dié nag het die Tsjeggie 20,000 Duitsers, meesal onskuldige vrouens en kinders in hul wonings in Praag vermoor. Op 9 Mei het hulle 'n hasejag in Praag op die Duitsers uitgevoer en nog 10,000 op gruwelike maniere vermoor.

WEIER VERVOLGING

Die oorwinnaars het die skandevlek van die Tsjeggie tot 'n groter skandevlek van die Westerse beskawing gemaak toe hulle besluit het dat geen van die misdadigers by 'n gereghof aangekla mag word nie. Die klein man, die besigheidsman, die arbeider, die amptenaar in Praag, Brünn, Budweis Pilsen en Aussig sien al 'n lang tyd dat die kommunistiese staat onverstaanbaar 'n ekonomiese katastrofe tegemoet gaan.

Hulle reken dat 'n tyd sal aanbreek wanneer Wes- en Oos-Duitsland weer een Duitsland sal wees. En hulle weet dat 'n verenigde Duitsland nie alleen sy lande wat vroeër aan hom behoort het sal terug eis nie, maar ook rekenskap sal vra vir die berowing en vermorning van sy mense.

Honderdduisende Tsjeggie wat in die wonings en huise van Duitsers woon, duisende van fabrikante en besigheidsmanne wat fabriek en besigheidsplekke van die verdryfde Duitsers vir hulle geneem het, verkeer vandag onder gewetenswroeging.

VREES

Hulle soek nou alle moontlike middels om te bewys dat hulle nie aan die moord op die Duitsers deelgeneem het nie. Hulle soek na bewysmiddels dat hulle nie die Duitsers beroof het nie.

In hulle angste vra hulle nou die Duitse buurmannen en werkmats om aan hulle asseblief 'n getuigskrif te gee dat hulle nie aan die moord en rowery deelgeneem het nie.

Die Duitsers weet dat die grootste meerderheid van die applikante moordenaars en rowers is, daarom weier hulle prinsipieel om iets skrifteliks te gee.

Die Tsjeggo-Slowakiese nasionaliste wat onder die leiding van generaal Prchala staan, het met die leiers van die Sudeten-Duitsers 'n ooreenkoms getref waarin uitdruklik beklemtoon word dat die verdrywing van die Sudeten-Duitsers 'n onreg is.

TSJEGGIE KLA AAN

Die in Duitsland-lewende nasionale Tsjeggie het deur hulle hoofman, Vladimir Pekelsky, wat een van die ondertekenaars van die Prchala-Lodgmann-ooreenkoms is, 'n verklaring aan die Duitse, Amerikaanse en

Deur Ski

Engelse pers uitgereik. In die verklaring beskuldig hulle die Demokratiese Party van Benes en die Kommuniste as moordenaars en rowers; hulle sê:

„Is dit demokraties om onskuldige mense in die bed te vermoor? of op die strate mense met paraffien te begiet en te verbrand?

„Is dit demokraties om honderdduisende nasionale mense in die tronk te stop en hulle dan op onmenslike wyse te vermoor?

„Is die Brünn-Pohlitzerdoodsmars waarby oor 'n afstand van 15 myl 20,000 Duitse vroue, kinders en ou mense vermoor is, demokraties?

„Die verskoning van die Benes-party dat dit alles in 'n tyd van rewolusie gebeur het is nie steekhoudend nie, aangesien dit alles na die maand Mei 1945 gebeur het. In die tyd was vir Tsjeggo-Slowakye die oorlog sowel as die rewolusie verby.

„Vandag nog klink die bitsige redes van Benes, dr. Ripka, Zenkl, Stransky en lede van die Raad van die vrye C.S. Republiek in ons ore. Nie dat alleen honderdduisende Duitsers vermoor is nie, daar is ook honderdduisende nasionale Tsjeggie, Slowake en Hongare in ons land vermoor.

„En Amerika wat voorgee die moeder van 'demokrasie' te wees, laat die moordenaars na Amerika kom waar hulle as vrye burgers toegelaat word om teen die 'skyn-demokrasie' en fasciste te hits.

„Mag ons asseblief vra of Amerika, demokrasie bestialiteit en moord een en dieselfde is?”

PERS SWYG

So ver die nasionale Tsjeggie. Die Amerikaanse en Engelse persvertegenwoordigers was so skaam dat hulle nie een vraag gestel het nie. En in die Amerikaanse en Engelse koerante het niks oor die moedige verklaring van die nasionale Tsjeggie verskyn nie.

Maar die nasionale Slowake gaan verder as die Tsjeggie. Die leier van die nasionale Slowake, die vroeëre Staatsminister dr. Ferdinand Durcansky, het by die V.V.O. 'n klagte ingedien teen alle sedert 1946 regerende ministers en volksleiers van Tsjeggo-Slowakye weens hul deelname aan die verdrywing en berowing van die Duitsers.

Sy aanklag is gegrond op die Neurenbergwette van kriminele misdade teen die menslikheid en skending van eenvoudiger menseregte.

Dit is die eerste keer dat die oorwinnaar met sy eie wette wat hy net teen die verslane vyand wou gebruik gekonfronteer word.

Vir ons Duitsers is die daad van die Slowake hartverblydend, daar ons sien dat daar tog nog mense in die wêreld is wat, ofskoon hulle nie tot die Germaanse rasse behoort nie, vir die reg van die Duitsers veg.

Maar ons wag gespanne op wat die V.V.O. met die aanklag sal doen. Sal die V.V.O., wat voorgee vir die „menseregte” te veg, die reg laat seëvier en die beskuldigdes voor 'n gereghof bring — of sal hulle onder druk van Amerika en Engeland die aanklag in die snippermandjie laat verdwyn?

MOORDENAAR LOSGELAAT

In München in Duitsland waarheen duisende Benes-demokrate (die Tsjeggie noem hulle Benes-hordes) gevlug het toe die kommuniste die regering in Praag oorgeneem het, het die Duitsers 'n markante geval van demokrasie beleef. 'n Duitse vrou uit die Sudetenland herken op die straat die moordenaar van haar baba. Sy roep 'n Duitse polisieersant en laat die man arresteer. By die polisieestasie erken die man, Frantisek Kroupa, dat hy dit gedoen het. Hy vertel dat hy die kind uit die kinderwa geneem het en hoog in die lug geslinger het. Die kind het op die betonstraat geval en sy kop het uitmekaar gespat.

Nadat hy sy verklaring afgeleë het verskyn 'n Amerikaanse offisier en eis die ontslag van die man. Die Duitse offisier weier maar moet op die bevel van die Amerikaanse kommissaris vir Beiere die man vry laat en daar mag geen aanklag teen die moordenaar gemaak word nie.

Tee-Aand

Die maandelikse gesellige tee-aand van O.B.-lede in die Kaapse Skiereiland wat, in afwisseling, by lede van die verskillende betrokke kommandos gehou word, het verlede Vrydagaand plaasgevind aan die huis van mev. M. Erasmus in Tiervlei. Heerlike geregte is aangebied. Die appetert het veral byval gevind. Elkeen het 'n klein bedraggie gestort en sodoende is £1 10s. ingesamel.

Die volgende byeenkoms vind plaas op Vrydagaand 14 Maart, om 8 nm. aan die huis van mev. S. S. Harris, Markstraat 51, Tiervlei.

Dr. Malan Weer Kandidaat

Die Eerste Minister, dr. D. F. Malan, het verlede week op 'n vergadering op Porterville, in sy kiesafdeling verklaar dat daar binne veertien of vyftien maande weer 'n algemene verkiesing sal wees. Hy dink nie dit is te vroeg om te sê dat as Piketberg hom weer as kandidaat wil hê, hy weer beskikbaar sal wees nie.

KWAAD OMDAT O.B. NOG BESTAAN

Die Vaderland is die enigste koerant wat redaksionele kommentaar gelewer het oor die bedanking van dr. J. F. J. van Rensburg as leier van die Ossewabrandwag. Die blad het van die geleentheid gebruik gemaak om 'n bitsige aanval te doen op die Ossewabrandwag.

Oënskynlik het die blad bedoel om dr. Van Rensburg in beskerming te neem. Indien dit die geval is sal dr. Van Rensburg waarskynlik geneig wees om uit te roep: Bewaar my van my vriende. Want die blad gee dr. Van Rensburg 'n taai dwarsklap deur te verklaar dat hy (dr. Van Rensburg) „ingesien het” dat „die O.B. 'n krisisverskynsel was” wat „noodwendig moes verdwyn met die opklaring van daardie krisis” wat bereik is met die stembus-oorwinning in 1948 en die samesmelting van die H.N.P. en die A.P. in 1951. Dit is in ieder geval nie die redes wat dr. Van Rensburg vir sy bedanking aangegee het nie.

Die blad verklaar dat dr. Van Rensburg se bedanking as sou hy „die stryd gewonne gegee het met die ekstremistiese klik van die Ossewabrandwag.” Die blad beduie voorts dat die „vergelding” van die ekstremiste daarin sal bestaan „dat een van die heethoofde nou self die leiers moet oorneem.” Ten slotte sê die blad dat hy graag wil sien wie daartoe in staat is.

MOET VERDWIN

Dit is nie die eerste keer dat Die Vaderland vyandskap teen die Ossewabrandwag openbaar nie. Op die jongste Laertrek van die O.B. in November 1950 het dr. Jan Steyn, destyds 'n

Miljoenêrs al Skaarser

Brittanje het verlede jaar 10 miljoenêrs armer geword lui 'n verslag van die ontvanger van inkomste.

Volgens die verslag was daar verlede jaar slegs 39 „amptelike” miljoenêrs in vergelyking met 40 die vorige jaar.

Nadat die ontvanger van inkomste met die rykes klaar is, is daar slegs 60 persone in Brittanje wat meer as £6,000 per jaar verdien.

Die meeste persone verdien vanaf £5 tot £10 per week, lui die verklaring. Oor die 9,000,000 val in hierdie groep.

In Suid-Afrika, waar die indeling van die ontvanger van inkomste nie hoër as £30,000 gaan nie, was daar verlede jaar 62 wat as miljoenêrs kan deurgaen. Drie jaar gelede was daar 51.

volksraadslid van die Afrikanerparty, die gewilligheid van sy party om te „verdwyn” aangekondig. Hy het die O.B. aangeraai om ook te verdwyn, omdat, volgens hom, „die inhoud wat die O.B. aan die republikeinse ideaal wil gee” nie rede genoeg is vir sy voortbestaan nie. Die Vaderland het hom gehaas om in 'n hoofartikel die advies aan te beveel wat dr. Steyn, heeltemal ongevraagd, aangebied het.

In die lig van voorgaande blyk dit dat Die Vaderland se grief teen die O.B. is dat hy nie, soos die Afrikanerparty, verdwyn het nie. Die pliggetroue vasberadenheid van die O.B.-leiers om die voortbestaan van die O.B. te verseker regverdig darem regtig nie Die Vaderland se bitsigheid nie.

Maar die nuwe bekeerling is glo mos altyd geesdriftiger oor die folterbank as die oue.

Rusland se Duikbote

Rusland se moderne duikbootvloot wat tussen drie- en vierhonderd tel, is 'n bron van groot besorgdheid vir die Amerikaanse vloot en het tot gevolg dat dit op groot skaal op die vraagstuk van duikbote konsentreer, het Admiraal William Fichteler, hoof van die Amerikaanse vlootoperasies in Washington verklaar.

SYBRAND

(Vervolg van bladsy 2 kolom 5)

nie genoeë met hierdie onnodige en, vir baie Afrikaners, tergende versuim nie. Dit is 'n klein sakkie wat 'n groot beginsel raak. Dit het maar net te doen met nommerplate op die motors van een provinsie van die Unie. Maar dit raak die belangrike beginsel van die gelyke beregtiging van Afrikaners deur die land of die provinsie se owerheid.

Nog die regering nóg die provinsiale owerheid behoort op hom te laat wag wanneer die eer en die regte van die Afrikanse taal op die spel is.

Asseblief, maak die sakkie reg.

Beter Tabak * maak Beter Sigarette

Waar u ook

mag wees



Kommando

Suid-Afrika se gewildste sigaret

* Die Vervaardigers van Kommando is die grootste verbruikers van Suid-Afrika se eerstegraadse tabak.

„Ek (hier volg die volle naam van die betrokke minister) belowe en beken plegtig dat ek Haar Majesteit, Koningin Elizabeth die Tweede, goed en trou sal dien in die amp van (hier volg die amp of portefeulje van die betrokke minister).

EERS VERENIGING — DAN INLYWING

Die belangrike kwessie vir Duitse politiek is die vereniging van Duitsland „van Aachen tot by Beuthen, van die Memel tot by die Saar.” Hiervan hang die lewe en toekoms van die Duitse volk af. Die Duitse volk voel dit. Sy teenstanders weet dit. Daarom dring die Duitse volk daarop aan, dat alle middels aangewend word om vereers 'n gedeeltelike vereniging teweeg te bring tussen Wes- en Middel-Duitsland soos dit selfs in Potsdam deur alle teenstanders plegtig belowe is; en dat later, soos ook deur alle oorwinnaars belowe, die grense vasgestel word waar dit op 1 Januarie 1938 was. Hierdie grense is deur die Vier Moondhede-ooreenkoms van 5 Junie 1945 as die enige wettige grense van Duitsland vasgestel.

Alle vyande van Duitsland is daarop uit om die verdeling tot 'n blywende toestand te maak, wat op die mees doeltreffende manier kan geskied deur middel van „inlywing” van Wes-Duitsland by Wes-Europa en Oos-Duitsland by Oos-Europa. Hierdie „oplossing” het die „voordeel” dat Angelsakse en Russe die wêreldheerskappy onder mekaar verdeel, soos dit die doel van invloedryke kringe in Washington, Londen en Moskou is.

Die leuse waaronder hierdie „inlywing” plaasvind, om sodoende Duitsland en daarmee Europa blywend in twee te verdeel, is vereniging van Europa deur middel van die Schumann-plan en Europa-leër, waarby die draadtrekkers goed weet dat hierdie „Verenigde Europa” by die Elbe-rivier eindig en selfs net 'n deel van die Angelsaksiese „Atlantiese Verbond” kan en mag wees, soos hoogs offisieel in die slotberig oor die Truman/Churchill-bespreking gesê word.

Met die oog op die korrupte Duitse pers wat deur geldbedrae, wat die miljoene raak, omgekoopt is deur die besettingsmagte en hulle satellietregering te Bonn, het die Duitse volk so te sê geen moontlikheid om sy gevoelens en sy wil te uit nie, aangesien die Hacha-regering te Bonn gestig is met die doel om die „inlywing” van Duitsland — ekonomies, politiek en militêr — te verwesenlik.

BLYWENDE SKEURING

Onder hierdie omstandighede is dit 'n nasionale daad as die dapper en onafhanklike weekblad „Der Spiegel” in die uitgawe van 2 Jan. 1952 'n artikel deur Jens Daniel druk wat onder die opskrif „Vaarwel aan die Broers in die Ooste” die hele kwessie in al sy tragedie behandel en op onoortreflik logiese en duidelike wyse daarop wys hoe die Schumann-plan en die Europa-leër tot blywende skeuring in Duitsland moet en sal lei. In die artikel heet dit:

„Vermoedelik sal Wes-Duitsland onder Adenauer 'n volgelingsstaat van Amerika word, anderskel van die Oos-Duitse Satellietstaat hoofsaaklik daardeur dat mens snags sonder vrees vir politieke polisie kan gaan slaap . . . Onverklaarbaar dat regering en parlement nagelaat het om te verduidelik hoekom vry verkiesings juis knegting vir die hele Duitsland sou beteken . . . Dit is 'n beskamende feit dat 'n ernstige diskussie omtrent die Duitse hereniging nie in die verkose volksverteenvoording, die parlement, maar in die pers plaasgevind het . . . Die feit dat vandag in Wes-Duitsland (en Oos-Duitsland?) die mening heers, Bonn stel geen belang in die hereniging met die Oosterse Gebiede nie, is — om die groot woord te gebruik — 'n historiese skuld waaraan kanselier en parlement skuldig is. Die feit bly staan dat niemand iets gedoen het of selfs probeer het om die Russe by hul woord te neem wat hulle aanbod van vry verkiesings betref; alles is egter gedoen om deur middel van oorhaastige integrasie met die Weste hulle enige verdere inmenging of hulp te belet. As dit volgens die kanselier se mening

gegaan het, sou die aanbod deur Grotwohl gemaak eenvoudig met die opskrif „propaganda-manoeuvre” van die hand gewys word. Selfs die parlement kon 'n slimmer plan uitgedink het as om

Deur dr. Otto Strasser

vir die V.V.O. te vra dat hulle moet ondersoek instel of die moontlikhede in Oos- en Wes-Duitsland bestaan vir vry verkiesings. Wie is gedien deur sulke deklamatoriese, tydrowende middels? Die Wes-Duitse verteenwoordigers het die eenmalige kans gehad om in Parys voor die V.V.O. die verteenwoordigende Duitse standpunt te bepleit. In plaas daarvan het die V.V.O.-afgevaardigdes gehoor wat hulle reeds van die Amerikaners gehoor het en die Wes-Duitse afgevaardigdes het vertoon soos goed afgerigte marionette . . .

EERS DUITSE EENHEID

Nadat „Der Spiegel” op hierdie wyse Bonn se groot skuld vasgestel het, het die artikel die grondslag vir 'n goeie Duitse buitelandse politiek aangestip waaruit ons aanhaal:

„Dit kan eers Duitsland se taak wees om 'n verenigde Europa te skep as die „Europese integrasie” ophou om Duitse verdeling te waarborg en 'n hereniging sonder oorlog onmoontlik te maak. Volgens Adenauer is Nu-Seeland vir Engeland nader as die Vasteland van Europa om redes, wat ons almal verstaan. Maar hy kan nie verstaan dat vir ons Oos-Duitsland nader is as die orige Europa waar ruimtepaniek en onmag heers. Is die Franse en Amerikaners verantwoordelik vir Duitse eenheid; of die Duitsers? . . .

DUITSE OORWEGING

Ons het geen dollarhulp nodig nie as mens ons toelaat om te produseer en uit te voer, en ons sou selfs in staat wees om ons skulde af te betaal as ons geen besettingskoste meer hoef te betaal nie. Ons posisie sou nie sleg wees nie, as ons 'n regering had wat verteenwoordigend en kragtig optree . . . Om nou ten gunste van die Schumann-plan te wees, beteken om teen Duitse eenheid te wees . . . Elke mens wat op hierdie tydstip die Montan-ooreenkoms bekragtig, begrawe die laaste kans vir Duitse hereniging en moet dit by die volgende parlementsverkiesing en vir alle toekoms met sy naam verantwoord. Amper lyk dit asof die kans al verloor is. Nog is die Westerse moondhede gedwing om die Duitse eenheid weer te herstel, sover die Sowjets daartoe bereid is . . . Daaragter skuil egter die gedagte om met die „Integrasie” die verdeling van Duitsland te behou al kan Duitse divisies nie verhoed word nie. Nou begryp mens waarom die Westerse moondhede die vlag oor kanselier Adenauer laat presenter het.

„Die Westerse moondhede stel geen belang in gebiede ten ooste van die Neisse, nóg in Duitse hereniging nie. Vir hulle is Wes-Duitsland as 'n provinsie baie geriefliker as 'n verenigde — al is dit onbepaalde Duitsland. Maar 18 miljoen Duitsers in die Oosgebiede reken op ons; hulle is sonder ons veroordeel om hul kinders in die kloue van 'n onmenslike, verstikkende sisteem te sien opgroei; vreemd vir hulle en vreemd vir ons almal. Wat word deur die Westerse kultuur vir hulle gedoen? . . . Wanneer die Schumann-plan geteken is, dan is die oorlog uiteindelik verloor . . .

Elke woord van hierdie werklik klassieke artikel is reg, en aan lesers van genoemde blad sedert jare bekend. Bonn het die Schumann-plan onderteken; Adenauer het sy Hacha-rol tot die einde gespeel en die tafellaken tussen hom en sy broers in die Ooste deurgesny, om homself en die „Wes-Duitse nasie” (soos Drew Middleton reeds die magtelose bewoners van die Wes-Duitse protektoraat noem) by „Europa” in te lyf — en hierdie „Europa” is niks anders as 'n brughoof in Europa van die Atlantiese Verbond nie.

Maar die Duitse volk sal hierdie manne en partye van Bonn onthou — en sal ook nie die woorde vergeet nie wat die Engelse blad „New Statesman and Nation” onder die opskrif „German Diary” skryf:

„Niemand twyfel daaraan dat gesamentlike Duitse verkiesings 'n oorgroete anti-kommunistiese meerderheid sou oplewer of dat die Sosiaal-demokrate baie beter resultate sou hê as vry verkiesings in Sachsen en Thüringen gehou was, en dat die CDU net so in duie sou stort, soos die MRP in Frankryk. Om hierdie rede kan aangeneem word dat mnr. Adenauer alles in sy vermoë sal doen om onderhandelings wat tot 'n verenigde Duitsland sal lei, te verhoed en dit is glad nie verbasend dat hy skielik die kwessie van die Oder-Neisse-grens in die debat ingegooi het-nie . . .

Die Westerse moondhede moet egter weet dat as hulle nog langer op Adenauer vertrou, hulle op die ou end sal verlaat word soos Hitler verlaat is waf op Hacha en Laval vertrou het.

Konferensie Uitgestel

Die Empire-konferensie van eerste ministers wat gedurende Februarie of Maart hierdie jaar in Londen gehou sou geword het, is nou deur die dood van die koning in die wiele gery en is uitgestel tot by geleentheid van die kroningsplegtigheid, waarskynlik in Augustus.

Sapa-Reuter berig dat 'n baie wye veld van wêreldgebeurtenisse op die konferensie bespreek sal word. Daar sal ook ooreengekom moet word oor die titel van die nuwe koningin.

OUDSTRYDER KLA OOR VERBRITSING

Mnr. H. L. Neethling, Tuinplaats, Tvl., skryf:

Konstitusionele verwikkelinge in die laaste tyd vereis nou dat daar darem so 'n paar van ons wat nog oorgebly het uit die stryd van die verlede hulle stemme sal laat hoor.

Was dit dan nie die verengelsing van genl. Botha wat die stryd in 1912 laat ontbrand het nie? Was dit dan nie die toespraak van genl. Hertzog wat in 1912 die ontstaan van die Nasionale Party veroorsaak het nie toe hy gesê het: „as die belange van die Britse Ryk bots met die belange van Suid-Afrika dan staan ek by Suid-Afrika” nie? Het genl. De Wet dan nie gesê: „ek staan liewers op 'n mishoop by my volk as op die blinkende platvorms van die Britse Ryk” nie? Het genl. Beyers dan nie sy groot pos van Kommandantgeneraalskap opgegee en in protes gegaan teen die oorlogvoering buitekant die grense van die Unie nie? Was dit dan nie daardie Britsisme wat die oorsaak van die rebellie was nie? En het die teenswoordige regering sy posisie nie daaraan te danke dat daar beswaar teen al daardie heer en weer ryery na Brittanje was ten koste van ons eie land nie? Het die gesuiwerdes dan nie selfs 'n kongres-besluit geneem dat hulle eerste minister nie eers na Londen sal gaan nie want het hulle gesê, hy sal sokkies aantrek?

Hoe lyk dinge vandag? 'r Mens kan amper sê as die parlement vandag opbreek dan sit die Kabinet in Londen.

Daar word die rookskerm gebruik dat, dinge het verander „ja ek stem saam, dinge het verander, dit is nie vandag meer genl. Hertzog of sy mense wat op die troon sit nie, dit is vandag daardie mense wat genl. Hertzog onderkruip het wat op die troon sit. Maar daarvar sal ek maar nie verder iets sê nie.”

Die ander rookskerm is, ons het nou weer eenheid gekry ons het nou weer die ou Nasionale Party. Is dit waar? Wat my betref is die H net vervuil vir 'n I, met ander woorde dit is nou 'n Internasionale Party in plaas van 'n Herenigde Nasionale Party, want nog nooit in die tyd wat ek die eer gehad het om aan my volk se kant te veg vir vryheid — en dit dagteken uit die Anglo-Boere-oorlog — toe ek ook aan my volk se kant gestaan het tot die laaste dag — was die regering van die land so Brits as die teenswoordige regering nie. Nog nooit was ons Nasionale Republikeine so sleg daaraan toe as nou nie. Vroeër was daar tog 'n Britsgesinde regering, met 'n Nasionale opposisie; nou is die een meer Brits as die ander een.

Maar ek sal my nou glad nie verwonder as die teenswoordige leiers van die party sê julle was gekke om ooit die stryd teen Brittanje aan te geknoop het nie. Veral nadat ek dr. Dönges se toespraak op Ellispark aangetuister het. Volgens hom het Engeland dit glad nie so kwaad bedoel nie, ens. Sy toespraak het my laat dink aan wat Shepstone aan my oupa, na die eerste verowering in 1878 gesê het, nl.: „Nou hoef julle julle nie meer te bekommer nie, Engeland sal julle nou beskerm.”

My oupa se antwoord was: „Sipston, nou het ons julle beskerming nie meer nodig nie; toe ek hierdie land ingetrek

Soos Ons Lesers Dit Sien

het was ek Hendrik alleen, nou het ek 8 seuns en kan ek my self beskerm.”

Nog net dit: Daar was 'n belofte van dr. Malan aan mnr. Havenga dat daar teen O.B.'s nie meer gediskrimineer sal word nie; daardie boodskap was deur dr. Van Rensburg aan ons O.B.'s oorgedra. Ek was nie tevrede met dié manier wat dit aangedra is nie. Nou beweër ek dat daar wel gediskrimineer word, so seer sodat die partyfondse wat vir strydoel-eindes bymekaar gemaak is gebruik word selfs in stryd teen O.B.'s vir ondergeskikte rade soos bv. skoolrade. Of is die strydfonds juis in die lewe ge-roep om onderling en nie teen andersdenkendes soos bv. die Sappe te stry nie? Dit is seker so.

Churchill Huldig Israel

Mnr. S. E. D. Brown, Posbus 66, Ceres, skryf:

President Truman het 'n spesiale Joodse medalje ontvang omdat hy gehelp het om die staat Israel te stig. Die hulp wat president Roosevelt en genl. Smuts verleen het is ook bekend. Maar dit sal ongetwyfeld 'n openbaring vir baie mense wees om te weet watter rol mnr. Churchill gespeel het.

Hy het onlangs die Amerikaanse Kongres meegedeel dat hy nie na Amerika gekom het om goud te vra nie — maar hy het natuurlik geweet dat diegene wat te doen het met die toekenning van staal ook die wêreld se vernaamste goud-handelaars is. Dit is ook betekenisvol dat mnr. Churchill drie dae van sy kort besoek aan Amerika deurgebring het as die persoonlike gas van mnr. Barney Baruch.

In ieder geval, mnr. Churchill het dit nodig geag om die Amerikaanse Kongres te herinner aan die belangrike hulp wat hy die Jode verleen het om besit te neem van 'n Arabiese land. „Ek het my daarvoor beywer,” het hy gesê, en bygevoeg: „Dit verheug my om hulde te bring aan die prestasies van diegene wat die staat Israel gestig het.” Dit is natuurlik baie strelend vir Hagana, Irgun, Zwi Leumi en die Stern-bende, maar dit is nie vertroostend vir die Mohammedaanse wêreld of vir die 700,000 Arabiese vlugtelingen nie — om nie eers te praat van die Britse soldate wat vermoor en opgehang is in die proses nie.

Waartoe het die wêreld-politiek en Wes-Europa gekom wanneer sy seniorstaatsmanne met die hoed in die hand na Amerikaanse Sioniste moet gaan, en spoggerig hulle pogings in belang van die staat Israel moet uitbasuin wanneer hulle Amerikaanse hulp wil hê?

Dood aan Hik

'n Vyf-en-sestigjarige man, Fred Ramsdem, is in Leeds, Engeland, oorlede nadat hy nege maande aaneen gehik het. Hy het aan die hik gegaan nadat hy plotseling in koue water geduik het.

UITHUISIGE MINISTERS SE REISE KOS £25,000

In 1951 het meer Ministers van die Malan-regering oorsese besoeke afgelê as wat die Smuts-ministers in 1947 (die laaste jaar van hul regering) gedoen het. Dit blyk uit besonderhede oor amptelike besoeke van lede van die Kabinet aan ander lande gedurende 1951 wat deur die Minister van Finansies in die Parlement verstrek is in antwoord op 'n vraag van mnr. R. B. Durrant (V.P., Turffontein). Hy is naamlik meegedeel dat ses Ministers in 1951 oorsese reise onderneem het. Op 6 Februarie 1948 is namens die destydse eerste minister (genl. Smuts) aan mnr. Haywood (H.N.P.) meegedeel dat vier ministers in 1947 die buiteland besoek het.

As in gedagte gehou word hoedat die Nasionale Party se koerante destyds die Smuts-regering aangeval het oor sy ministers se „uithuisigheid” dan is dit beslis snaaks dat daardie selfde koerante vandag nie 'n woordjie van kritiek rep teenoor die Malan-regering nie — wie se ministers meer uithuisig is as wat die Smuts-ministers was.

Die volgende besonderhede is deur die Minister van Finansies bekend gemaak:

MIN. SCHOEMAN

Die besoek van die minister van arbeid, mnr. B. Schoeman, vergesel van mev. Schoeman, sy private sekretaris en die sekretaris van arbeid en sy vrou, aan Brittanje, Switserland, Duitsland, Swede, Italië, Frankryk, België, Nederland en Egipte het £3,515 gekos.

EMPIRE-EENHEID

(Vervolg van bladsy 1 kolom 5)

VOLK NIE GEKEN

So is die volk in Suid-Afrika nie eens erken by die aanvaarding van die Koning(in) van Engeland as die gesamentlike Hoof van die Statebond nie. Die eerste minister van S.A. het dit reeds indertyd so namens Suid-Afrika aanvaar en vertolk dit as die „gesaghebbende deklarasie” wat die „Aanhef van die Statuut van Westminster vervang.”

Die Statebond het in werklikheid 'n konstitusionele eenheid geword deur die aanvaarding van 'n gesamentlike en ondeelbare Hoof. Daarby staan die besluite van die Statebondkonferensie gelyk aan gesaghebbende voorskrifte vir sy lede. Dit alles maak van die Statebond in weerwil wat beweer word, 'n soort Federale Staat, elkeen met sy eie koning(in) maar met een gesamentlike Hoof. Hoewel losser van vorm sonder regstreekse wetgewende of uitvoerende mag op sigself is dit nietemin 'n ekwivalent van 'n soort Keiserryk saamgestel uit verskillende koninkryke. Dit is nou die ou Britse Ryk in 'n nuwe gedaante.

NUWE SKAKEL

Suid-Afrika het nou as heerser 'n koningin en bokant sy koninkryk die Hoof van die Statebond. Nouer en vaster aanmekaar kan die 48 Amerikaanse State nie gebind wees nie as Engeland, Australië, Suid-Afrika en die res binne die Britse Statebond. Die verskil lê slegs in funksie. Haar Majesteit se Statebondkonferensie is wel self wetgewend nie; maar stel sy eise aan die wetgewende liggame van die onderskeie parlement van Haar Majesteit wat vir wetgewing verantwoordelik is. Hoe min soewerein so 'n parlement is wanneer dit op sowereine staatkundige vryheid kom, getuig o.a. die volgende feite: (1) 'n Deklasie deur die Statebondkonferensie uitgevaardig, vervang dié van een deur die wetgewende gesag van 'n lid uitgevaardig op grond van wetgewing, — getuig die vervanging van die aanhef van die Statuut van Westminster, en (2) besluite oor oorlog, geldsake en handel van Statebondkonferensies is bindend en word toegepas selfs voor die onderskeie Parlemente hul goedkeuring by wyse van besluite daarvoor uitgespreek het.

MIN. LE ROUX

Die minister van landbou, mnr. S. P. le Roux, het Australië besoek om die Eerste Minister te verteenwoordig op die jubileumvierings as 'n gas van die Australiese regering. Hy was vergesel van sy vrou en private sekretaris. Die besoek het £1,183 gekos.

MIN. LOUW

Die minister van ekonomiese sake, mnr. E. H. Louw, het Brittanje, Frankryk, Nederland, Denemarke, Duitsland, Swede, Noorweë en Finland besoek. Hy was vergesel van die sekretaris van handel en nywerheid, 'n handelsadviseur, die minister se vrou, sy private sekretaris en ondersekreteris. Die ondersekreteris het slegs Brittanje besoek. In Brittanje het die minister die konferensie bygewoon van die Statebondsministers oor skaars grondstowwe.

Die besoek het £3,038 gekos.

MIN. DÖNGES

Die minister van binnelandse sake, dr. T. E. Dönges, het Parys besoek vir die sesde sitting van die Algemene Vergadering van die V.V. Hy was vergesel van sy vrou, private sekretaris, wetsadviseur en die tweede en derde sekretarisse van buitelandse sake. Verder was daar ook die Unie se ambassadeur in Washington, mnr. G. P. Jooste, en ander lede van die Suid-Afrikaanse afvaardiging. Die totale koste word beraam op £11,000, waarvan die grootste deel betrekking het op 1951.

MIN. ERASMUS

Die minister van verdediging, mnr. F. C. Erasmus, het Brittanje besoek om die konferensie van die Statebondministers van verdediging by te woon. Sy besoek het £2,791 gekos. Hy was vergesel van die sekretaris van verdediging, die sekretaris van buitelandse sake, die hoof van die generale staf, die kwartiermeester-generaal, die direkteur-generaal van die landmagte en sy private sekretaris.

Die minister het ook Kenia besoek om die konferensie oor die verdediging van Afrika by te woon. Die afvaardiging het die sekretaris van verdediging, die assistent-sekretaris van verdediging, die hoof van die generale staf, die hoof van die vloot en marine, die sekretaris van buitelandse sake, die direkteur van die weerburo en die kommissaris van doeanes en aksyns ingesluit. Die besoek het £3,750 gekos.

MIN. SAUER

Die minister van vervoer, mnr. P. O. Sauer, het ook die konferensie oor die verdediging van Afrika in Kenia bygewoon.

Hy was vergesel van die hoofbestuurder van die spoorweë, die hoofsuperintendent en sy private sekretaris. Die besoek het £297 gekos.

Volgens die minister van finansies het die ministers en hul vroue en sekretarisse se oorsese reise die belastingbetalers in 1951 die som van £25,619 gekos.

NUWE UITTOG

Die ministers van die Smuts-regering wat in 1947 die buiteland besoek het was genl. Smuts, mnr. H. G. Lawrence, mnr. S. F. Waterson en mnr. J. G. N. Strauss.

Die ministeriële uittoeg uit Suid-Afrika in 1952 het natuurlik alreeds begin. Minister Havenga was alweer in Londen en dr. Dönges in Parys. Dit is maar die begin. Tien maande lê nog voor.

§ „DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Postbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

Ons Dink Nou Weer Aan Vryheid

Noudat die roudienste oor, en die begrafnis van George VI, in lewe Koning van Groot-Brittanje, Suid-Afrika en ander verowerde dele van die wêreld afgeloop het, kan ons so langsaamerhand ons aandag weer aan ander dinge gee, skryf prof. D. J. van Rooy, voorsitter van die Grootraad in 'n verklaring van Vryheidsdag.

Dit is seker nie nodig en wenslik dat die hele Februarie, alhoewel dit die kortste maand van die jaar is, aan 'n nabetrugting van die koninklike verskeie gewy word nie. Ons het in dié verband ons plig — miskien meer as ons plig — doen. Engelse en Afrikaanse (nasionale) blaie het met mekaar gewedwyer in hul betuiging van hartseer en meegevoel. Dit is altyd goed dat 'n mens aan sy ware gevoelens uiting gee, en in soverre dit 'n vertolking van bloot menslike meegevoel was, kon ons dit ons roudraende mede-Afrikaners allermens kwalik neem. Ook die offisiële roubetoon was op sy plek. So bv. is ons Goewerneur-generaal nou eenmaal die verteenwoordiger van Sy of Haar Majesteit. Hoe kan hy anders as treur? En ons parlement is ten volle 'n Engelse instelling, simbool van die noue bande wat ons nog aan Engeland bind. Vandaar die lamfer, swart en pers.

Nouja, soos gesê, ons kan hoop dat dit alles weer agter die rug is. Ons kan ons tranedroog, veral by die troosvolle gedagte dat oor enkele maande die kroning van die nuwe koningin gaan plaasvind. Dan hou ons weer die blikkant bo en juig ons asof ons nooit sonder 'n koning was of wil wees nie. Salige vooruitsig!

MAAND FEBRUARIE

Die republikein trek hom geen van hierdie dinge aan nie, behalwe insoverre hy dit betreur dat genoemde gebeurtenisse, hoe betekenisvol ook al vir die Engelsman, ons Afrikaanse gemeedere so in beslag moes neem. So erg selfs dat ons gevaar loop om te vergeet dat die maand Februarie — en met name 27 Februarie — vir die Afrikaner 'n heel besondere betekenis het. 27 Feb. 1880 was 'n dag van rou vir Engeland, maar van vreugde en dankbaarheid vir die Boer. Die Slag van Majuba het bewys dat die Engelse mag nie onoorwinlik was nie. 'n Klein volkie het hom aan die Britse imperialisme soos gesimboliseer deur 'n Britse koningin en vertolk deur haar regering en haar troepe, ontworstel. Daarom is Majubadag nog steeds ons Vryheidsdag.

Konings kom en gaan. Suid-Afrika verlang na die dag dat hy nie meer 'n KONINKRYK sal wees nie, maar 'n Christelike-nasionale Republiek, van alle vreemde bande vry. Daarom herdenk elke ware republikein vandag Vryheidsdag en sal alle O.B.-lede weer van die geleentheid gebruik maak om hul geledere en hul fondse te versterk. As ons Vryheidsdag vergeet, is ons ons uiteindelijke Vryheid nie werd nie.

BAIE AFRIKANERS NOU AAN S.A. SE TWYFEL SE VRYHEID

Klaarblyklik het die loyaliteit en koningsgesindheid van die regering darem nie al die lesers van regeringskoerante aangestaan nie. „Vaalspens” (distrik Graaff-Reinet) skryf byvoorbeeld in Die Burger, soos volg: „Nou ná die dood van die Koning het ek al baie oor die volgende nagedink:

„Ons is veronderstel om 'n onafhanklike staat te wees. In dié geval kan ek nie verstaan waarom, by die troonsbestyging van 'n nuwe koning of koningin, ons hom of haar ook hier moet proklameer tot koning(in) van Suid-Afrika nie. Dit kom my voor asof dié 'n baie vernederende posisie is. Is ons dan net in naam 'n onafhanklike staat, dat ons alles moet nadoen wat Engeland doen? Dit skep dié indruk asof ons, net soos Rhodesië, in werklikheid nog 'n Britse kolonie is.

ONDER ENGELAND

„Persoonlik het ek niks teen die Britse vorstehuis nie, maar ek kan myself eenvoudig nie versoen met die idee dat ons, as 'n skynbaar onafhanklike staat, ook nog moet meedoen aan die proklamerings van 'n koningin en onself daardeur feitlik nog onder die gesag van Engeland plaas nie.

„Ook in die geval van ons munte kan ek nie insien waarom die kop van die Koningin verder daarop moet verskyn nie. Kan ons dan nie, net soos in die geval van ons seëls, ons eie simbool daarop aanbring nie?

„Verstaan my goed: ek het die grootste respek vir die Britse vorstehuis, maar dit is eenvoudig nie my idee van 'n onafhanklike staat as ons nog aan al daardie dinge meedoen nie.

BAIE SE GEVOEL

„Van my beste vriende is onder die Engelssprekendes, en dit is hoegenaamd nie my doel om hulle te beledig nie, maar as ons waarlik 'n onafhanklike staat is, dan is dit meer as tyd dat ons almal saamstaan, anders is ons in werklikheid nog maar onderdane van Engeland, in stede van 'n onafhanklike staat.

„En wat ek hierbo gesê het, vertolk die gevoel van 'n baie groot deel van die Afrikaners op die platteland, en selfs ook in die stede.”

„Vaalspens” se brief is ongetwyfeld 'n aanduiding van wat in die harte van duisende lede van die Nasionale Party omgaan. As sodanig is dit 'n betekenisvolle brief.

SONDER POTE

Maar nog meer betekenisvol is die voetnoot wat die redakteur van Die Burger onderaan die brief geskryf het. Dit lui:

„Die afsonderlike proklamerings, anders as in 'n kolonie, is juis 'n uitvloei van Suid-Afrika se onafhanklike status. Met die republiekwording van Suid-Afrika sal die monargie as deel van ons konstitusie natuurlik verdwyn.—Red D.B.”

Dit is 'n voetnoot sonder pote. ● Hoe op aarde kan die pro-

klamering deur die S.A. regering, van 'n Britse Kroonprinses tot Koningin van Suid-Afrika 'n uitvloei van Suid-Afrika se onafhanklike status wees? Bovendien. As Suid-Afrika 'n onafhanklike Koninkryk was, met 'n eie vorstin — in teenstelling met 'n Britse vorstin — op die troon, dan moes die regering mos die Kroonprinses geproklameer het as Elizabeth die Eerste van Suid-Afrika. Want daar was mos nog nie tevore 'n Elizabeth op die Suid-Afrikaanse troon nie. Maar die regering het die Kroonprinses geproklameer as Elizabeth die Tweede — omdat Suid-Afrika nie 'n onafhanklike nie, maar 'n Britse koninkryk is.

● Die monargie sal nie noodwendig as deel van ons konstitusie verdwyn met die republiekwording van Suid-Afrika nie — byvoorbeeld nie as Suid-Afrika 'n republiek binnekant die Britse Statebond soos Indië is, word nie. En dit is die soort republiek wat die Eerste Minister en die leier van die regering, wat Die Burger ondersteun, bepleit. Die waarheid is dat die verteenwoordiger van die Indiese „republiek” selfs die proklamasie onderteken het, waarvolgens die Britse troonopvolgingsraad die Kroonprinses tot Elizabeth die Tweede uitgeroep het.

Die monargie sal slegs as deel van ons konstitusie verdwyn wanneer Suid-Afrika die soort republiek word waarna die Ossewabrandwag strewe.